education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2006

**AFRIKAANS TWEEDE/ADDISIONELE TAAL VRAESTEL 1**

**STANDAARDGRAAD**

**OKTOBER/NOVEMBER 2006**

**102-2/1**

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

AFRIKAANS ADDISIONELE/TWEEDE TAAL SG: Vraestel 1

102 2 1 SG

X25

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: LEESBEGRIP (VRAAG 1, 2 en 3)

   AFDELING B: OPSOMMING (VRAAG 4)

   AFDELING C: KOMMUNIKATIEWE TAALGEBRUIK (VRAAG 5, 6 en 7)

3. Lees die instruksies by AL die vrae.

4. Nommer die antwoorde soos die vrae genommer is.

5. Begin ELKE VRAAG (VRAAG 1 – 7) boaan 'n nuwe bladsy.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Beplan jou tyd.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1: KOERANTARTIKEL

- Lees die volgende koerantartikel versigtig deur.

### BRAKKIE "GOOI DUIM" NA JEFFREYSBAAI

1 'n Klein hondjie het só na haar familie verlang dat sy, sonder dat hulle dit weet, na hulle toe "geryloop" het. Hulle het sonder haar op Jeffreysbaai vakansie gehou.

2 Hierdie verhaal het begin toe die Myburg-gesin van Uitenhage vir 'n paar dae op Jeffreysbaai gaan uitspan het. Hulle drie honde moes tuis bly. 'n Vriend van die gesin het belowe om die honde te versorg.

3 Die gesin se agtjarige Maltese poedel, Snoopy, het haar mense-familie so erg gemis, dat sy besluit het om die lang pad Jeffreysbaai toe aan te pak.

4 'n Diereliefhebber wat van Uitenhage na Jeffreysbaai op pad was, mnr. Willem Coetzee, het Snoopy op die hoofpad gesien waar 'n motor haar amper omgery het. Mnr. Coetzee het Snoopy jammer gekry en haar opgelaai. Toe hy op Jeffreysbaai kom, het hy die selfoonnommer op Snoopy se halsbandjie gebel. Hy het die Myburg-gesin opgespoor waar hulle te lekker op die dorp se hoofstrand ontspan het.

5 Die Myburgs was verstom om te hoor hulle geliefde poedel het kom kuier. Hulle het dadelik in die kar gespring om haar te gaan haal. Agterna het hulle lekker gelag, want Snoopy het haar tassie, strandhoed en sonbrandolie by die huis vergeet!

[Verwerk uit: *UD-Nuus*, Januarie 2006]

- Jy sal nul kry as jy nie die instruksies volg nie.
- Gee slegs die antwoord.
- Jy hoef nie die vrae in volsinne te beantwoord nie.

1.1 Waar woon die Myburg-gesin? (1)

1.2 Waarom het die hondjie, Snoopy, van die huis af weggeloop? (1)

1.3 Wie het vir Snoopy langs die pad gekry? (1)

1.4 Watter tipe hond is Snoopy? (1)

1.5 Gee TWEE redes waarom die man besluit het om Snoopy op te laai. (2)

1.6 Hoe het die man geweet wie Snoopy se baas is? Gee TWEE feite. (2)

1.7 Wat was die Myburgs se reaksie toe hulle mnr. Coetzee se oproep ontvang? Haal EEN WOORD aan. (1)

1.8 Is die volgende stellings WAAR of ONWAAR?
Haal elke keer EEN SIN aan om te bewys waarom jy so sê.

1.8.1 Die Myburgs het hulle honde sonder sorg tuis gelos. (2)

1.8.2 Snoopy is die Myburgs se enigste hond. (2)

1.8.3 Die Myburgs het onmiddellik vir Snoopy gaan haal toe mnr. Coetzee hulle bel. (2)
**[15]**

## VRAAG 2: FLIEKGIDS

- Lees die volgende fliekgids versigtig deur.

**FLIEKGIDS**

A A History of Violence ****

Dis 'n rolprent vol aksie. 'n Gewone mens raak beroemd wanneer hy twee skelms keer wat sy kafee wil beroof.

B Must Love Dogs ***

Dis 'n romantiese fliek hierdie, maar dit sal jou ook lekker laat lag. Daar is pragtige natuurtonele en die fliek wys vir jou wat kan gebeur as jy iemand oor die internet ontmoet.

C Mama Jack **

Dis Leon Schuster se nuwe fliek, maar nie een van sy beste flieks nie. Leon speel self die rol van 'n gewone ou wat die gaste by 'n funksie begin slegsê nadat hy 'n gedokterde drankie gedrink het. Sy vriend grimeer hom sodat hy soos 'n swart vrou, Mama Jack, lyk. Dan raak hy verlief op die vrou vir wie hy as "huishulp" werk.

[Verwerk uit: *Die Burger*, 26 November 2005]

- Jy sal nul kry as jy nie die instruksies volg nie.
- Gee slegs die antwoord.
- Jy hoef nie die vrae in volsinne te beantwoord nie.

2.1 Watter fliek sal jy gaan kyk, as jy ...

2.1.1 van Suid-Afrikaanse flieks hou? (1)

2.1.2 baie van die buitelewe hou? (1)

2.1.3 van 'n suksesverhaal hou? (1)

2.2 Hoe het die hoofkarakter in *A History of Violence* 'n held geword? (1)

2.3 Hoe het die twee mense in *Must Love Dogs* mekaar ontmoet? (1)

2.4 Watter TWEE rolle speel Leon Schuster in *Mama Jack*? (2)

2.5 Is die volgende twee stellings WAAR of ONWAAR?

Haal elke keer 'n DEEL VAN 'N SIN aan om te bewys waarom jy so sê.

2.5.1 Die hoofkarakter in die fliek sê altyd die gaste by 'n funksie sleg. (2)

2.5.2 Van Leon Schuster se vorige flieks was beter as *Mama Jack*. (2)

2.6 Jy en jou vriende bespreek die fliekgids in die klas.

2.6.1 Watter fliek is volgens hierdie fliekgids die beste? (1)

2.6.2 Waarom sê jy dat hierdie fliek die beste is? (1)

2.7 Wat doen hulle met 'n drankie as hulle dit "dokter"? (1)

2.8 Wat doen Leon Schuster se vriend om hom soos 'n swart vrou te laat lyk? (1)
**[15]**

## VRAAG 3: STROKIESPRENT

- Lees die volgende strokiesprent versigtig deur.




[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 8 September 2005]

- Jy sal nul kry as jy nie die instruksies volg nie.
- Gee slegs die antwoord.
- Jy hoef nie die vrae in volsinne te beantwoord nie.

3.1 Waarom kan die kinders nie buite gaan speel nie? (1)

3.2 Hoe wys die kinders se gesigte in raampie 3 dat hulle van die fliek, *Lassie*, hou? (1)

3.3 Die storie waarna hulle kyk, gaan oor 'n hond met die naam Lassie.

3.3.1 Wat gebeur met Lassie in die storie? (1)

3.3.2 Wat doen die kinders (in raampie 5) as hulle sien wat met Lassie gebeur? (1)

3.3.3 Wat doen die kat (in raampie 6) as hy sien wat met Lassie gebeur? (1)
**[5]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 4: WAT JY MOET DOEN AS JY 'N NUWE TROETELDIER WIL KRY

### INSTRUKSIES

- Noem SEWE dinge wat jy moet weet en doen as jy 'n nuwe troeteldier wil kry.
- Skryf elke feit in jou eie goeie volsin neer.
- Jy mag nie meer as een sin oor elke feit skryf nie.
- Skryf jou sinne puntsgewys en onder mekaar van 1 tot 7 neer.
- Laat 'n reël tussen die sinne oop.
- Jou opsomming mag nie langer as 100 woorde wees nie.
- Dui die getal woorde aan die einde van die opsomming aan.
- Jy sal gepenaliseer word as jy baie meer as 100 woorde skryf of as jy nie die getal woorde aandui nie.

### HOE OM 'N TROETELDIER TE KIES

Dis baie maklik om lief te word vir 'n nuwe katjie of hondjie, maar om hierdie klein goedjies gesond en reg groot te maak, is nie so maklik nie. Dis harde werk en dit vra tyd en geduld om troeteldiere groot te maak.

Die eerste stap is om die regte troeteldier vir die gesin te kies. Met meer as 400 verskillende soorte honde en 70 verskillende soorte katte, moet 'n mens 'n bietjie huiswerk doen om te sien watter hond of kat die beste by jou gesin gaan pas.

Gesinne met jong kinders moet, byvoorbeeld, 'n troeteldier kies wat nie baie kwaai is nie en goed met mense klaarkom. Sodra jy besluit het watter soort troeteldier jy wil hê, is daar baie plekke om te soek, soos die Dierebeskermingsvereniging of die veearts.

Net soos 'n mens regmaak vir 'n nuwe baba in die huis, moet jy ook tyd hê om reg te maak vir die nuwe troeteldier. Jy moet gevaarlike voorwerpe en giftige plante verwyder en vir hulle 'n gemaklike plek kry om te slaap.

Jy moet bereid wees om 'n nuwe troeteldier op te lei. Leer die hond liewer met liefde as om hom te straf. Onthou die goue reël: Beloon goeie gedrag en ignoreer of voorkom slegte gedrag. As jy jou hondjie ignoreer wanneer hy hom sleg gedra, wys jy vir hom jy is ontevrede met hom.

[Verwerk uit: *Die Burger,* 18 Oktober 2005]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: KOMMUNIKATIEWE TAALGEBRUIK

## VRAAG 5: WOORDGEBRUIK EN WOORDSTRUKTURE

- Bestudeer die volgende strokiesprent versigtig.




[Uit: *Die Burger*, 23 Januarie 2006]

### INSTRUKSIES

- Voltooi die volgende paragrawe soos aan die regterkant aangedui.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord.

| | |
|---|---|
| Sally groet die kinders in 5.1 (sy / haar) klas. Sy is die heel 5.2 (groot) in die klas en daarom is sy die juffrou. Daar is net drie kinders in die juffrou se klein 5.3 (klas). | 5.1 Kies die korrekte woord.<br>5.2 Gee die korrekte vorm.<br><br>5.3 Gee die korrekte vorm. |
| Die kinders voel 5.4 (ongeluk), want hulle het 'n 5.5 (jong / jonk) juffroutjie verwag. Nou het hulle 'n tannie 5.6 (wie / wat) 5.7 (baie oud) is, gekry. | 5.4 Gee die korrekte vorm.<br>5.5 Kies die korrekte woord.<br>5.6 Kies die korrekte woord.<br>5.7 Gee EEN woord. |
| Sy lyk of sy omtrent 5.8 (40) kan wees. Die kinders 5.9 (praat saggies) onder mekaar. | 5.8 Skryf die getal uit.<br>5.9 Gee EEN woord wat begin met f… . |
| Sally is reeds hulle 5.10 (sewe) juffrou. Dis goed dat sy nie 'n 5.11 (tannie) is nie. Dit is duidelik dat sy in die 5.12 (verlede) 'n onderwyseres wil word. | 5.10 Gee die korrekte vorm.<br>5.11 Gee die manlike vorm.<br>5.12 Gee die antoniem. |

- Bestudeer die volgende prent versigtig.




[Uit: *Vrouekeur*, Junie 2005]

**INSTRUKSIES**


- Voltooi die volgende paragrawe soos aan die regterkant aangedui.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord.

| | |
|---|---|
| Tina is 'n klein 5.13 (dogter). Sy is tien 5.14 (jaar / jare) oud. Sy is te bang om alleen in die donker kamer te gaan slaap. Haar 5.15 (ma en pa) hoor haar huil. | 5.13 Gee die korrekte vorm.<br>5.14 Kies die korrekte woord.<br>5.15 Gee EEN woord. |
| Haar pa gaan die 5.16 (huil) kind help. Sy dink daar is 'n muis 5.17 (onder / teen / aan) haar bed. | 5.16 Gee die korrekte vorm.<br>5.17 Kies die korrekte woord. |
| Tina se pa het reeds sy 5.18 (slaapklere / slaapkleure) aan. Hy was besig om al die 5.19 (lig) af te skakel, toe hy 5.20 (sy / haar) kind hoor huil. | 5.18 Kies die korrekte woord.<br>5.19 Gee die korrekte vorm.<br>5.20 Kies die korrekte woord. |
| Hy kan nie die muis goed sien nie, want hy dra 'n 5.21 (bril / glase). Een van haar baie 5.22 (pop) lê op die vloer. Die kat lê onder die 5.23 (bed + goed). | 5.21 Kies die korrekte woord.<br>5.22 Gee die korrekte vorm.<br>5.23 Gee EEN woord. |
| Tina dink haar pa is die sterkste in die hele 5.24 (wereld / wêreld / werêld). | 5.24 Kies die korrekte spelling.<br>(24÷2) |

**[12]**

## VRAAG 6: SINSTRUKTURE

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent gebaseer.




[Verwerk uit: *Die Burger*, 17 Januarie 2006]

6.1 Skryf die volgende sinne oor en begin soos aangedui.

6.1.1 Hou Helga van tamatiesous?
Nee, ... . (1)

6.1.2 Rooi Oog is baie honger. Hy eet tamatiesous en eiers.
Omdat ... . (2)

6.1.3 Helga verkies konfyt.
Konfyt ... . (1)

6.1.4 Sy smeer ook konfyt op haar brood.
Sy hou daarvan om ... . (1)

6.1.5 Het Rooi Oog al konfyt geëet?
Nee, ... . (2)

6.1.6 Helga en Rooi Oog eet buite.
Gister ... . (1)

6.1.7 Sy gaan haal die konfyt.
Gaan ... ? (1)

6.1.8 Gister was die kos ook weer koud.
Vandag ... . (1)

6.1.9 Helga sê: "Jy moet eiers eet."
Helga sê vir Rooi Oog dat ... . (2)

6.1.10 Helga het die eiers opgeëet.
Die eiers ... . (2)

6.2 Verbind elke keer die volgende twee sinne met die woord tussen hakies.

6.2.1 Rooi Oog wil tamatiesous oor Helga se brood gooi.
Sy word kwaad. (daarom) (1)

6.2.2 Rooi Oog se maag pyn.
Hy is baie honger. (want) (1)

6.3 Rangskik die volgende groepe woorde tussen hakies in die korrekte volgorde.
Rooi Oog eet sy middagete (vinnig) (elke middag) (in die kombuis). (1)

6.4 Voltooi die volgende sin met die korrekte antwoord.

Daar is genoeg sout oor die eiers; dus …

A hoef Rooi Oog nie sout oor die eiers te gooi nie.
B hoef Rooi Oog nie om sout oor die eiers te gooi nie.
C Rooi Oog nie hoef om sout oor die eiers te gooi nie.
D hoef Rooi Oog sout oor die eiers te gooi. (1)


**[18]**

## VRAAG 7: KOMMUNIKASIE

### INSTRUKSIES

- Bestudeer die prente in hierdie vraag.
- Lees die situasie by elke prent.
- Voltooi dan die opdrag.

7.1 **RIGTING VRA**



[Uit: *Shuters Business Studies*]

Situasie: Vusi ken nie die dorp nie. Hy weet nie waar al die winkels is nie. Hy vra vir iemand langs die pad om hom te help.

Opdrag: Skryf EEN sin (nie meer as 15 woorde nie) waarin hy die ouer man vra om die pad vir hom te verduidelik.

Vusi: "..................................................................?" (2)

7.2 **OM VERSKONING VRA**



[Uit: *Shuters Business Studies*]

Situasie: Mary is baie kwaad vir Sipho, omdat hy haar pen gevat het. Sipho voel sleg en vra om verskoning.

Opdrag: Hoe sal Sipho vir Mary om verskoning vra?
Kies EEN van die volgende moontlikhede:

A Ek sal dit nie weer doen nie.
B Ek het nie gedink jy sal kwaad wees nie.
C Verskoon my, Mary.
D Jammer, ek het gedink dis myne! (1)

7.3 **GELD LEEN**



[U*it:* *Sowieso*]

Situasie: Dit is pouse en Steven is baie honger. Hy het nie geld by hom nie.

Opdrag: Hoe gaan Steven sy onderwyser op 'n mooi manier vra om vir hom geld te leen?

Kies EEN van die volgende moontlikhede:

A Kan Meneer my asseblief R5 leen?
B Sal Meneer vir my geld leen?
C Hoe lyk dit met 'n R5, Meneer?
D Het Meneer vir my 'n R5? (1)

7.4 **GELUKWENSING**



[*Uit: Sowieso*]

Situasie: Linda het 'n opstelkompetisie gewen. Haar onderwyseres is baie bly.

Opdrag: Hoe sal Linda se onderwyseres haar gelukwens?
Kies EEN van die volgende moontlikhede:

A Goeie geluk!
B Baie geluk!
C Voorspoed!
D Al die beste! (1)

**[5]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou